



QUARTERLY BULLETIN
OF
STATISTICS

STATISTIESE
KWARTAALBLAD

No. 74
DECEMBER/DESEMBER
1964

INHOUD

	Bladsy
Kwartaallikse ekonomiese oorsig	v
Verhoging van die bankkoers	xiv
Private verbruiksbesteding in Suid-Afrika, 1947-1963	xxiv
Veranderings in die buitelandse laste en bates van Suid-Afrika gedurende 1963	xxxviii
TABELLE	
BANKWESE EN FINANSIES:	
i. Suid-Afrikaanse Reserwebank	1-2
ii. Handelsbanke (Suid-Afrika en S.W.-Afrika)	3-4
iii. Nasionale Finansiekorporasie	5
iv. Diskontohuise	6
v. Laste van die banksektor	7-8
vi. Bates van die banksektor	9
vii. Aksepbanke	10
viii. Depositonemende instellings	11
ix. Ander trustmaatskappye	12
x. Trustbates	12
xi. Bouverenigings	13
xii. Posspaarbanks	14
xiii. Nasionale Spaarsertifikate	14
xiv. Versekeringsmaatskappye	15
xv. Land- en Landboubank	16
xvi. Bankdebette en omloopsnelheid van onmiddellik opeisbare deposito's	17
xvii. Rendement op staatseffekte	17
xviii. Rentekoerse	18-19
xix. Skatkiswissels en belastingdelgingsertifikate uitstaande	20
xx. Effektebeursindekse	21
xxi. Wisselkoerse	22
xxii. Staatsfinansies	23-24
xxiii. Binnelandse effekteskuld van die Sentrale Regering volgens besitter	25
PRYSE:	
xxiv. Prysindekse	26
HANDEL EN VERVOER:	
xxv. Kleinhandelsverkope en vervoer	27
xxvi. Buitelandse handel en goudproduksie	28
PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING:	
xxvii. Minerale produksie	29
xxviii. Werkverskaffings-, produksie- en ander indekse	30
NASIONALE REKENINGE:	
xxix. Volksinkome	31
xxx. Binnelandse kapitaalvorming	32-34
xxxi. Nasionale rekeninge	35-38
BETALINGSBALANS:	
xxxii. tot xxxiv.	Betalingsbalans 39-44

CONTENTS

	Page
Quarterly Economic Review	xv
Increase in Bank Rate	xxiii
Private Consumption Expenditure in South Africa, 1947-1963	xxxv
Changes in the Foreign Liabilities and Assets of South Africa during the year 1963	li
TABLES	
BANKING AND FINANCE:	
i. S.A. Reserve Bank	1-2
ii. Commercial Banks (South Africa and S.W. Africa)	3-4
iii. National Finance Corporation	5
iv. Discount Houses	6
v. Liabilities of the Banking Sector	7-8
vi. Assets of the Banking Sector	9
vii. Merchant Banks	10
viii. Deposit-Receiving Institutions	11
ix. Other Trust Companies	12
x. Trust Assets	12
xi. Building Societies	13
xii. Post Office Savings Bank	14
xiii. National Savings Certificates	14
xiv. Insurance Companies	15
xv. Land and Agricultural Bank	16
xvi. Bank Debits and Velocity of Demand Deposits	17
xvii. Government Stock Yield	17
xviii. Interest Rates	18-19
xix. Treasury Bills and Tax Redemption Certificates Outstanding	20
xx. Stock Exchange Indices	21
xxi. Foreign Exchange Rates	22
xxii. Government Finance	23-24
xxiii. Ownership Distribution of Internal Stock Debt of the Central Government	25
PRICES:	
xxiv. Indices of Prices	26
TRADE AND TRANSPORTATION:	
xxv. Retail Sales and Transportation	27
xxxvi. Foreign Trade and Gold Production	28
PRODUCTION AND EMPLOYMENT:	
xxxvii. Mineral Production	29
xxviii. Employment, Production and other Indices	30
NATIONAL ACCOUNTS:	
xxix. National Income	31
xxx. Domestic Capital Formation	32-34
xxxi. National Accounts	35-38
BALANCE OF PAYMENTS:	
xxxii. to xxxiv.	Balance of Payments 39-44

KWARTAALLIKSE EKONOMIESE OORSIG

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKINGS

- (1) Die Suid-Afrikaanse volkshuishouding ondervind tans groot voorspoed en bevind hom blykbaar nog steeds in 'n uitbreidingsfase van die konjunktuurgolf. Alhoewel die huidige ekonomiese oplewing nou heelwat meer as drie jaar voortgeduur het, wat langer is as die gemiddelde tydsduur van sikielse oplewings in die verlede, duï die huidige tekens daarop dat dit homself nog geensins uitgewerk het nie en nog steeds oor aansienlike lewenskrag beskik.
- (2) In die private sowel as die openbare sektor het die koers van toename van vaste kapitaaluitgawes aan masjinerie, toerusting en konstruksie gedurende die derde kwartaal van 1964 geneig om selfs nog hoër te wees as gedurende die tweede kwartaal. Die duidelike ekspansionistiese uitwerking van hierdie toenames is boonop versterk deur 'n verdere aansienlike stygging in private verbruik. Daarteenoor het die goedere-uitvoer merkbaar gedaal, terwyl die belegging in voorrade en die lopende owerheidsbesteding ook ietwat afgeneem het. Die goudproduksie het weereens matig toegeneem.
- (3) Waar die goedere-uitvoer besig was om te daal en die invoer, hoofsaaklik ten gevolge van die verdere uitbreiding in sowel die kapitaal- as die verbruiksbesteding, besig was om sterk te styg, het die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die derde kwartaal 'n aansienlike tekort getoon. Dit het egter saamgeval met 'n aanmerklike netto invloeiing van private buitelandse kapitaal, sodat die land se goud- en buitelandse valutareserwes slegs matig gedaal het.
- (4) Gedeeltelik as gevolg van 'n verdere stygging in handels- en ander bankkrediet het die likwiditeit van die private sektor, gemeet volgens die seisoensaangesuiwerde verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk, gedurende die derde kwartaal



op 'n hoë peil gebly. Die verdere toename in bankkrediet het egter daartoe meegeswerk dat die likwiditeitsverhoudings van sommige bankinstellings tot 'n betreklik lae peil verminder is. Dit het op sy beurt nie slegs hul vermoë om meer geld te skep beperk nie, maar ook opwaartse druk op korttermyn-rentekoerse uitgeoefen.

- (5) Op die effektemarkte het verskeie faktore gedurende die tydperk Augustus tot November saamgewerk om die afwaartse neiging in die omset op die effektebeurs en in aandelepryse, wat op die bereiking van hoogtepunte in die tweede kwartaal gevolg het, te laat omkeer. Hierdie faktore het ingesluit 'n afname in nuwe uitgiftes, 'n vermindering van toekennings ingevolge die „arbitrageskema“ vir die verslapping van valutabeheer en die voortgesette voorspoed van die volkshuishouding in die algemeen. Teen die einde van hierdie tydperk is egter 'n mate van opwaartse druk op die koerste ten opsigte van prima-effekte uitgeoefen en vroeg in Desember het die Reserwebank sy stel rentekoerse ten opsigte van staats-effekte met $\frac{1}{4}$ persent verhoog.
- (6) Terwyl die betalingsbalanspositie van die land gesond bly en die goud- en buitelandse valutareserwes op 'n betreklik hoë peil staan, het die volkshuishouding sedert onlangs geneig om die beginstadia van algemene vraaginflasie binne te tree. Om hierdie rede het die Reserwebank nie slegs die natuurlike vernouing van die toestand in die bankwese en die neiging van rentekoerse om te styg verwelkom nie, maar ook sekere maatreëls toegepas ten einde die land se verweer teen inflasionistiese druk te verstrek. Hierdie stappe het die beoefening van verdere morele oorreding ten opsigte van bankinstellings, 'n meer beperkende houding teenoor herdiskontering deur die Bank, die onttrekking van fondse van die Tesourie aan die geldmark en 'n verhoging van die bankkoers van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent op 8 Desember 1964 ingesluit.

NASIONALE REKENINGE¹⁾

Verdere styging in die bruto volksproduk

Die *reële* bruto volksproduk het gedurende die derde kwartaal van 1964 teen min of meer dieselfde jaarlike koers as gedurende die eerste en tweede kwartale toegeneem, naamlik teen 6 tot 7 persent. In geldelike terme, dit wil sê teen heersende prys, het die groeikoers geneig om ietwat te versnel, maar dit moet aan 'n vinniger styging van die pryspeil toegeskryf word.



tot hierdie versnelde toename in private vaste belegging is deur die fabriekswese, die handel en die residensiële boubedryf gemaak, terwyl in die openbare sektor 'n besonder skerp toename in vaste kapitaalvorming deur openbare owerhede meer as vergoed het vir 'n merkbare afname in die vaste kapitaaluitgawes van openbare korporasies.

Belegging in voorrade

Alhoewel die belegging in voorrade, dit wil sê die netto toëvoeging tot voorrade, gedurende die derde kwartaal merkbaar afgeneem het, was dit nog steeds taamlik groot, hoofsaaklik as gevolg van 'n verdere toename in handels- en nywerheidsvoorrade.

Private verbruik en lopende owerheidsbesteding

Verbruiksbesteding het gedurende die derde kwartaal voortgegaan om sterk toe te neem. Alhoewel dit waarskynlik gedeeltelik die gevolg was van die ekstra inkome wat deur die toename in vaste kapitaalvorming geskep is, wil dit voor-kom asof dit ook deur 'n verdere toename in verbruikerskrediet vergemaklik is.

Alhoewel dit van maand tot maand skerp geskommel het, het die seisoensaangesuiwerde indeks van kleinhandelsverkope gedurende die

Skerp verdere styging in vaste kapitaalbesteding

Die hooftoekomst van die verdere toename in die bruto volksproduk was 'n voortsetting van die sterk opwaartse beweging in kapitaaluitgawes aan masjinerie, toerusting en konstruksie. In die private sowel as die openbare sektor het die groeikoers van vaste kapitaalvorming in werklikheid gedurende die derde kwartaal van 1964 geneig om selfs nog hoër te wees as gedurende die tweede kwartaal. Die belangrikste bydraes

1) Die ontleding in hierdie afdeling van die oorsig is in hoofsaak gebaseer op die Reserwebank se kwartaallike rammings van die nasionale rekeninge, *ná uitskakeling van die seisoensinvloed*. Aangesien hierdie kwartaallike syfers tans nog nie as betroubaar genoeg vir publikasie beskou word nie, word die ontleding tot die beskrywing van algemene neigings beperk.

derde kwartaal 'n bestendige opwaartse neiging getoon, terwyl die seisoensaangesuiwerde indeks van die verkope van nuwe motorvoertuie gedurende Julie en Augustus teen 'n betreklik vinnige koers toegeneem het, maar daarná gedurende September en Oktober ietwat gedaal het.

Lopende besteding deur die Regering en ander openbare owerhede het gedurende die derde kwartaal effens afgeneem.

Afname in goedere-uitvoer maar toename in goudproduksie

Die goedere-uitvoer, in besonder die uitvoer van vervaardigde artikels, het gedurende die derde kwartaal merkbaar gedaal. Een belangrike oorsaak hiervan was blybaar die aansienlike verdere toename in die binnelandse vraag, wat geneig het om goedere van die uitvoer na die binnelandse mark af te wend. Die goudproduksie het egter voortgegaan om te styg.

Afname in totale besparing

Dit wil voorkom asof die bruto binnelandse besparing gedurende die derde kwartaal afgeneem het. Dit kan hoofsaaklik aan 'n hernude vermindering van die persoonlike besparing toegeskryf word, wat op sy beurt hoofsaaklik die teenhanger van die aansienlike verdere styging in die private verbruik was.

PRODUKSIE EN WERKGELEENTHEID

Geringe verlangsming van die groeikoers van fabrieksproduksie

Alhoewel die totale geldelike vraag na goedere en dienste, soos hierbo aangedui is, gedurende die derde kwartaal van 1964 teen 'n ietwat hoër koers as gedurende die eerste helfte van die jaar toegeneem het, het die indeks van die fisiese volume van die fabrieksproduksie, ná uitskakeling van die seisoensinvloed, geen soortgelyke versnelling getoon nie, maar eerder geneig om gedurende die tydperk Mei tot Augustus teen 'n ietwat stadiger tempo toe te neem as gedurende die vier voorafgaande maande. Dit dui daarop dat, waar die volkshuishouding die plafon van volledige besetting bereik het, die groeikoers van produksie besig was om geleidelik na 'n meer normale syfer te daal.

Nietemin was hierdie indeks gedurende die eerste agt maande van 1964 as geheel nie minder nie as 16.5 persent hoër as gedurende die ooreenstemmende tydperk van 1963. Die vertakkings van die sekondêre nywerheid wat vir die grootste bydraes tot hierdie styging verantwoor-

delik was, was dié wat metaalprodukte, chemikalië en chemiese produkte, produkte uit petroleum en steenkool, nie-metaalhoudende mineraalproduktes, basiese metale en elektriese masjinerie vervaardig.

Toename in indiensneming in die fabriekswese

'n Vername kenmerk van die huidige ekonomiese oplewing was die aansienlike toename in die aantal werkers wat in die sekondêre nywerheid werkzaam is. So het die indiensneming in die fabriekswese gedurende 1963 met nie minder nie as 7.5 persent, en gedurende die tydperk Januarie tot Augustus met 'n verdere 6.0 persent, toegeneem, terwyl dit gedurende die drie jaar van 1960 tot 1962 slegs teen 'n jaarlikse gemiddelde van 1.6 persent opwaarts beweeg het.

Oorvolle indiensneming in die boubedryf

Alhoewel die waarde van goedgekeurde bouplanne gedurende die tweede en derde kwartale van 1964 'n neiging om meer gelyk te verloop getoon het, het dit op 'n uitsonderlik hoë peil gebly en het die boubedryf voortgegaan om te werk onder aansienlike druk.

Vanweë die tekort aan vakmanne het die indiensneming in hierdie sektor van die volkshuishouding in die loop van die eerste sewe maande van 1964 teen 'n aansienlik stadiger koers as gedurende die ooreenstemmende periode van die vorige jaar toegeneem. Onder hierdie omstandighede het die gemiddelde verdienstes van vakmanne aansienlik bo die minimumloon-skale gebly.

Verdere afname in geregistreerde werklose

'n Verdere bewys van die spanning in die arbeidsmark is verskaf deur die voortgesette afname in die aantal geregistreerde werklose Blankes, Kleurlinge en Asiate, wat in September die baie lae syfer van 11,954 bereik het, die laagste syfer wat in die afgelope 81 maande aangeteken is.


Verdere styging in vaste eiendomstransaksies

Die hoë peil van die bedrywigheid in die boubedryf is vergesel deur 'n verdere opwaartse neiging in die indeks van die waarde van vaste eiendomstransaksies wat, alhoewel dit van maand tot maand skerp geskommel het, nog geen duidelike aanduiding van of 'n draaipunt of 'n meer gelyke verloop getoon het nie.

PRYSE

Beginstadia van algemene vraaginflasie

Ná meer as drie jaar van vinnige uitbreiding gepaard met 'n opmerklike graad van prysstabiliteit, het die volkshuishouding oor die afgelope maande tekens getoon dat dit die beginstadia van 'n algemene vraaginflasie bereik het. Tot ongeveer die middel van 1964 is die groot toenames in kapitaaluitgawes, private verbruik en owerheidsbesteding oor die algemeen goed deur stygings in produksie en invoer, asook deur 'n mate van afwending van plaaslik vervaardigde goedere van die uitvoer na die binelandse mark, bevredig. Die gevolg was dat alhoewel belangrike knelpunte in die volkshuishouding ontwikkel en sekere prysstygings veroorsaak is, daar geen betekenisvolle verspreiding van inflasionistiese neigings en geen algemene vraaginflasie in die sin van „te veel geld wat te min goedere najaag”, bestaan het nie. Dit wil egter voorkom asof die verdere skerp toename in sowel die kapitaal- as die verbruiksbesteding gedurende die derde kwartaal van 1964, waar dit voorgekom het op 'n tydstip toe die volkshuishouding alreeds vir ten minste ses maande in 'n toestand van feitlik volledige besetting verkeer het, die skaal na die kant van 'n meer algemeen verspreide inflasie laat oorsklaan het.



Hierdie gevolgtrekking is nie in die eerste plek op onlangse bewegings van die amptelike prysindeks gegrond nie. Weliswaar het die verbruikers- en groothandelsprysindeks tussen Junie en September van 1964 teen jaarlike koerse van 6.2 en 4.5 persent onderskeidelik toegeneem, vergeleke met toenames van 2.3 en 1.6 gedurende die voorafgaande twaalf maande. In die geval van die verbruikersprysindeks was hierdie versnelling in die koers van toename egter grotendeels die gevolg van 'n styging in voedselpryse, wat op sy beurt weer ten minste gedeeltelik aan ongunstige weersomstandighede wat deur groot landbougebiede van die land ondervind is, toegeskryf kan word. Op soortgelyke wyse was die vinniger toename in die groothandelsprysindeks grotendeels 'n weerspieëeling van toenames in die prys van landbou- en bosbouprodukte. Indien hierdie toenames van die berekenings uitgesluit word, toon sowel die verbruikers- as die groothandelsprysindeks weinig meer as 'n voortsetting van die matige opwaartse verskuiwing wat die voorafgaande jare gekenmerk het.

Verder lewer die blote feit dat winste, salaris en lone oor die afgelope jaar of twee aansienlik toegeneem het op sigself geen bewys van die bestaan van vraaginflasie nie. Sodanige toenames is in 'n tydperk van 'n vinnig stygende reële bruto volksproduk nie net te verwag nie, maar kan dan ook geregtig word mits hulle nie die styging in produktiwiteit oorskry nie.

Die jongste ramings van die verskillende bestanddele van die totale besteding aan die bruto binnelandse produk duif egter daarop dat die totale belegging en verbruik besig is om ietwat te vinnig toe te neem in verhouding tot die vermoë van die volkshuishouding om op die kort termyn meer goedere en dienste te verskaf, selfs nadat die hoë peil van invoere in aanmerking geneem is, en dit is hierdie aanduiding wat die basis vorm vir die diagnose van 'n matige vraaginflasie. Gelukkig duif die tekens daarop dat die „oorverhitting” van die ekonomie nog steeds baie gering is en dit wil voorkom, soos later aangedui sal word, asof belangrike stabiliserende kragte van selfregulerende aard alreeds aan die werk is.

BETALINGSBALANS

Aansienlike tekort op lopende rekening

Die verloop van die lopende rekening van die betalingsbalans gedurende die derde kwartaal van 1964 het die matige inflasionistiese druk in die binnelandse ekonomie weerspieël. So het die lopende rekening, nadat dit gedurende die eerste helfte van 1964 'n nog steeds nietige tekort van

R6 miljoen getoon het, gedurende die derde kwartaal van die jaar tot 'n duidelike tekort van nie minder nie as R52 miljoen oorgegaan. Selfs indien seisoensbewegings in rekening gebring word, het die tekort nog steeds soveel as R49 miljoen beloop, wat op 'n jaarlikse koers van R196 miljoen neerkom. Hierdie was die eerste tekort, ná aansuiwering vir die seisoensinvloed,

en 'n afname van R44 miljoen in die goedere-uitvoer, wat albei ten minste gedeeltelik verband gehou het met die oorbestedingsneiging in die ekonomie. Die seisoensaangesuiwerde invoer, teen 'n jaarlikse koers bereken, het in September 'n rekordpeil van R1,766 miljoen bereik.

Aansienlike invloeiing van private kapitaal


Die verswakking van die lopende rekening gedurende die derde kwartaal het nie die land se goud- en buitelandse valutareserves soveel beïnvloed as wat dit kon gedoen het nie, aangesien dit met 'n belangrike verbetering in die private kapitaalrekening saamgeval het. Vergelyke met netto private kapitaaluitvloeisings (met insluiting van weglatings en foute in die betalingsbalansramings) van R38 miljoen en R23 miljoen gedurende die eerste en tweede kwartale van 1964 onderskeidelik, is gedurende die derde kwartaal 'n netto invloeiing van R45 miljoen vir sodanige fondse aangeteken.

Een oorsaak van hierdie opvallende verandering was 'n afname in die netto uitvloeiing van buitelandse fondse deur effektebeurstransaksies, vanaf 'n kwartaallikse gemiddelde van R21 miljoen gedurende 1963 en die eerste helfte van 1964 tot slegs R2 miljoen gedurende die derde kwartaal van 1964. Hierdie afname was op sy beurt hoofsaaklik toe te skryf aan die vermindering en, na die eerste week in Augustus, die algehele staking van toekennings onder die *arbitrageskema* van valutabeheerverslapping. Verder het daar egter ook 'n taamlik aansienlike invloeiing van sowel kort- as langtermynfondse voorgekom, gedeeltelik in die vorm van fondse wat deur nuwe mynmaatskappye in die buiteland verkry is.

Dit is heelwaarskynlik nie heeltemal toevallig dat die eerste belangrike kwartaallikse tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans vir 'n geruime tyd, saamgeval het met die eerste netto kwartaallikse private kapitaalinvloeiing wat in 'n aantal jare aangeteken is nie. Dit wil voorkom asof albei hierdie rekenings deur die voortgesette oplewing in die binnelandse ekonomie beïnvloed is. Die minder likwiede posisie van die binnelandse geld- en kapitaalmarkte, die hoër omsette en voorradepeile van handelaars en die finansiële behoeftes van uitbreidende mynen vervaardigingsbedrywe is almal faktore wat tot die ommeswaai in die private kapitaal-uitvloeiing kon bygedra het.

Klein netto uitvloeiing van offisiële en bankkapitaal

Offisiële en bankkapitaal het gedurende die derde kwartaal 'n klein uitvloeiing van R15 miljoen getoon, hoofsaaklik in die vorm van korttermynfondse.



gedurende enige kwartaal sedert die laaste kwartaal van 1960 en die grootste aangesuiwerde kwartaallikse tekort sedert die eerste kwartaal van 1958.

Die hoofoorsake van hierdie opvallende verandering in die lopende rekening was 'n verdere toename van R31 miljoen in die goedere-invoer


Afname in goud- en buitelandse valutareserwes

As gevolg van die verskillende betalingsbalansveranderings waarna hierbo verwys is, het die totale goud- en buitelandse valutareserwes wat deur die Reserwebank, die handelsbanke en die Regering gehou word verder afgeneem vanaf R540 miljoen aan die einde van Junie 1964 tot R503 miljoen aan die einde van Augustus voordat dit weer tot R518 miljoen aan die einde van September en R537 miljoen aan die einde van Oktober toegeneem het. Dit beteken dat ten spyte van die basiese verandering in die stand van die lopende rekening, die afname in die totale reserwes tussen die einde van Januarie 1964, toe 'n hoogtepunt van R583 miljoen aangeteken is, en die einde van Oktober slegs R46 miljoen was.

MONETÈRE EN BANKTOESTAND

Likwiditeit van private sektor

Die verhouding van geld en kwasi-geld tot die bruto volksproduk het gedurende die derde kwartaal van 1964 min verandering getoon en op ongeveer 35 persent bly staan. Dit is 'n buitengewoon hoë syfer en dui daarop dat die private sektor in sy geheel gedurende hierdie tydperk nog in 'n hoogs likwiede toestand verkeer het. Die hoofsaak hiervan was 'n verdere styging in krediet wat deur die banksektor aan die private sektor verleen is.




Afname in die groeikoers van diskonteringe en voorskotte van handelsbanke

Die handelsbanke se diskonteringe en voorskote, wat gedurende die jaar geëindig Junie 1964 alreeds met nie minder nie as R209 miljoen

of byna 25 persent gestyg het, het gedurende die tydperk Julie tot Oktober met 'n verdere R95 miljoen toegeneem. Gedurende hierdie tydperk het daar egter 'n sekere verlangsaming van die koers van toename voorgekom vergeleke met die twee vorige kwartale. In teenstelling met die vroeëre uitbreiding in handelsbankkrediet, wat hoofsaaklik 'n natuurlike uitvloeisel van die volgehoudende oplewing in algemene ekonomiese bedrywigheid was en by die verhoging van die reële inkomne van die land 'n belangrike rol gespeel het, wil dit voorkom asof hierdie verdere toename buitensporig was in dié sin dat dit waarskynlik die matige „oorverhitting“ van die volkshuishouding vergemaklik het.

Die vertraging in die groeikoers van handelsbankkrediet oor die afgelope maande moet blybaar toegeskryf word, nie aan 'n afname in die vraag na sodanige krediet nie, maar eerder aan toenemende moeilikhede wat die handelsbanke as gevolg van druk op hulle eie likwiditeitsverhouding by die bevrediging van hierdie vraag ondervind het. So het hierdie verhouding, nadat dit alreeds vanaf 44.4 persent aan die einde



van Desember 1963 tot 38.4 persent teen die middel van 1964 gedaal het, verder afgeneem tot 35.2 persent aan die einde van Oktober. Hierdie daling oor die eerste drie kwartale van die jaar was hoofsaaklik die gesamentlike resultaat van die groot toename in die banke se diskonteringe en voorskotte en 'n duidelike afwaartse neiging van hul kontant, daggeld en beleggings, wat op sy beurt aan die tekort op die totale betalingsbalans gedurende hierdie tydperk toegeskryf moet word. Met ander woorde, die oormatige uitbreiding⁷ van bankkrediet het geneig om self sy eie natuurlike middel tot herstel in die lewe te roep.

Verdere styging in aksepte van aksepbanke

Die toename in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte is vergesel deur 'n verdere styging in aksepfasilitete wat deur aksepbanke aan die private sektor toegestaan is, naamlik van R108 miljoen aan die einde van Junie 1964 tot R119 miljoen aan die einde van Oktober.

Afname in daggeld

Die totale bedrag aan daggeld wat by die Nasionale Finansiekorporasie en die diskontohuise gehou is, wat gedurende die eerste helfte van die jaar tussen R260 miljoen en R290 miljoen geskommel het, het in Oktober tot R246 miljoen gedaal. Van hierdie totaal het R16 miljoen fondse van die Regering en die Staat-skuldkommissaris verteenwoordig, vergeleke met R65 miljoen aan die einde van Maart en R51 miljoen aan die einde van Augustus.

Alhoewel die diskontohuise se besit aan bankaksepte vanaf 'n hoogtepunt van R85 miljoen in Augustus tot R75 miljoen in Oktober gedaal het, het hul skatkiswissels gedurende hierdie tydperk ook verminder, naamlik vanaf R30 miljoen tot R21 miljoen, sodat die verhouding tussen hulle besit aan bankaksepte en skatkiswissels verder gestyg het tot die betreklik hoë syfer van ongeveer $3\frac{1}{2}$ tot 1.

Reserwebankkrediet

Ten spyte van die verandering in die onderliggende betalingsbalanspositie en die voortgesette uitbreiding van handels- en ander bankkrediet, het die Reserwebank se totale diskonteringe, voorskotte en beleggings oor die tydperk Julie tot November geen skerp of volgehoudne opwaartse beweging getoon nie en betreklik laag gebly. Onder die omstandighede het die Bank se wetlike goudreserweverhouding slegs matig afgeneem, naamlik van 84.8 persent aan die einde van Junie tot 79.0 persent aan die einde van November. Anders as in die geval van die handels- en ander bankinstellings, het die


Reserwebank se vermoë om verdere krediet te skep dus aansienlik gebly.

Verdere opwaartse neiging van korttermynrentekoerse

Sedert die middel van die jaar het die skatkiswisseltenderkoers en sulke verwante geldmarkenkoerse soos die diskontokoers ten opsigte van bankaksepte en die daggeldkoerse van die Nasionale Finansiekorporasie en die diskontohuise, 'n verdere opwaartse neiging getoon. Op 11 Desember het die skatkiswisselkoers 'n peil van 3.59 persent bereik, vergeleke met die laagtepunt van 1.68 persent wat vroeg in November 1963, dit wil sê ongeveer dertien maande gelede, bereik is.

Die toename in korttermynkoerse sedert Junie kan aan die volgende faktore, party waarvan slegs gedurende sekere fases van hierdie tydperk werksaam was, toegeskryf word:

- (1) 'n afname van ongeveer R30 miljoen in die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes tussen die einde van Julie en die eerste week van September, wat egter gedurende die res van September en Oktober deur 'n matige styging gevolg is;
- (2) 'n vermindering van die bedrag aan Regeringsfondse wat by die diskontohuise en handelsbanke gehou is vanaf R51 miljoen aan die einde van Augustus tot R16 miljoen aan die einde van November;
- (3) die algemene verwagting dat die toestand op die geldmark sou vernou as gevolg van die veranderde stand van die betalingsbalans en die algemene monetêre en finansiële posisie; en



(4) twee verhogings van die bankkoers, naamlik van $3\frac{1}{2}$ tot 4 persent op 15 Julie en van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent op 8 Desember.

Nadat die bankkoers in Desember verhoog is, het die handelsbanke hul uitleenkoerse met $\frac{1}{2}$ persent verhoog. Verskeie groepe bankinstellings het ook gedurende November en die eerste twee weke van Desember opwaartse aanpassings aan hul depositokoerse aangebring.

KAPITAALMARK

Nuwe toename in aandelepryse

Belangrike veranderings het gedurende die derde kwartaal van 1964 op die effektemarkte voorgekom. In die eerste plek het nuwe uitgiftes van effekte deur plaaslike owerhede, openbare korporasies en die private sektor slegs R66 miljoen bedra, vergeleke met die hoogtepunt van R112 miljoen wat gedurende die tweede kwartaal bereik is. Tweedens het toevoegings tot die aanbod van effekte as gevolg van aankope van Suid-Afrikaanse effekte deur Suid-Afrikaanse inwoners gedurende die derde kwartaal tot slegs R2 miljoen ingekrimp, hoofsaaklik as gevolg van die vermindering van „arbitrage-toekennings”.

Hierdie ontwikkelings het, tesame met die werklike en verwagte verdere uitbreiding van die vraag na goedere en dienste, daartoe meegewerk om die afwaartse neiging van die effektebeursomset en aandelepryse, wat op die bereiking van hoogtepunte in die tweede kwartaal van die jaar gevold het, te laat omkeer.

Die indeks (1953 = 100) van nywerheids- en handelsaandelepryse het byvoorbeeld vanaf 244 in Julie tot 261 in Oktober gestyg, wat nie ver benede die hoogtepuntsyfer van 268 wat in April vanjaar aangeteken is, was nie. Die prysindeks van goudmynaandele het daarenteen stadiger gereageer en nadat dit vanaf 123 in Maart tot 112 in September gedaal het, het dit slegs tot 117 in November toegeneem.

Onder hierdie omstandighede het die gemiddelde opbrengs op nywerheids- en handelsaandele, wat vanaf net minder as 4 persent in Maart tot bykans 5 persent in Junie gestyg het, weer tot ongeveer $4\frac{1}{2}$ persent in September gedaal, terwyl die gemiddelde opbrengs op goudmynaandele, wat gedurende die derde kwartaal tot heelwat oor die 7 persent gestyg het, in November tot 6.9 persent gedaal het.

Die mark vir prima-effekte

Op die mark vir prima-effekte het die toestand gedurende die tydperk Julie tot Oktober betreklik bestendig gebly. Daar is geen beroep

op die Reserwebank gedoen om in enige noemenswaardige mate staatseffekte te koop of te verkoop nie en die Bank het sy „stel” koerse ten opsigte van hierdie effekte op die peile wat sedert November 1962 van krag is, gehandhaaf. Die marge tussen die opbrengskoerse op staats-effekte en dié op nuwe effekte van plaaslike besture en openbare korporasies, wat in Augustus tot soveel as 0.87 persent gestyg het, het gedurende September en Oktober op hierdie peil bly staan, soos deur uitgiftes van effekte deur plaaslike besture en openbare korporasies gedurende hierdie twee maande aangetoon is. Gedurende November is egter weereens opwaartse druk op die koerse ten opsigte van staatseffekte uitgeoefen en op 8 Desember het die Reserwebank, gelyktydig met die verhoging van die bankkoers tot $4\frac{1}{2}$ persent, sy stel koerse ten opsigte van sodanige effekte met $\frac{1}{4}$ persent verhoog.

Aansienlike toevloeiing van nuwe fondse na bouverenigings

Ná die verhoging van hulle deposito- en uitleenkoerse in Junie 1964 het die bouverenigings gedurende die tydperk Julie tot Oktober 'n rekordtoevloeiing van nuwe fondse van nie minder nie as R89 miljoen ondervind, waarvan R58 miljoen die vorm van vaste deposito's aangeneem en R16 miljoen en R15 miljoen onderskeidelike aandelekapitaal en spaardeposito's verteenwoordig het. Dit het die verenigings meer as voldoende geleenthed gegee om aan die stygende vraag na boulenings te voldoen, soos aangedui word deur die feit dat hulle verbandvoorskotte en ander lenings gedurende hierdie tydperk met R48 miljoen toegeneem het, terwyl hulle beleggings, kontant en deposito's met nie minder nie as R34 miljoen gestyg het.

Versekeringsinstellings

Versekeringsinstellings het gedurende die derde kwartaal 'n netto bedrag van slegs R4 miljoen in gewone aandele (aandele van filiaalmaatskappye uitgesluit) belê, in vergelyking met R9 miljoen gedurende die voorafgaande kwartaal. Daarteenoor het hul beleggings in aandele van filiaalmaatskappye, tesame met hul lenings (hoofsaaklik aan hierdie filiaalmaatskappye toegestaan), met nie minder nie as R15 miljoen toegeneem.

MONETÈRE BELEID

Op grond van sy diagnose dat die totale geldelike vraag na goedere en dienste besig was om in verhouding tot die beskikbare aanbod

ietwat vinnig te styg en gevolglik inflasionistiese druk op die volkshuishouding uit te oefen, het die Reserwebank nie slegs die natuurlike vernouing van die toestand in die geld- en bankwese waarna vroeër reeds verwys is verwelkom nie maar ook sekere maatreëls getref om die werking van hierdie en ander selfregulerende stabiliserende invloede te versterk.

Teen ongeveer die middel van 1964 het dit nie onwaarskynlik gelyk dat die groeikoers van die geldelike vraag vanself sou verlangsaam nie. Op daardie stadium is verwag dat die lopende rekening gedurende die tweede helfte van die jaar 'n aansienlike tekort sou toon en dat dit tot 'n beduidende vernouing van die kredietomstandighede en 'n skerp opwaartse beweging van rentekoerse sou lei. Maar terwyl die tekort op die lopende rekening ooreenkomsdig die verwagting werklikheid geword het, is die vernouende uitwerking daarvan op die monetêre en banktoestand in groot mate deur die aansienlike netto invloeiing van private kapitaal

gedurende die derde kwartaal opgehef, as gevolg waarvan die likwiditeit van sowel die private sektor as die bankstelsel hoér, en rentekoerse laer, gebly het as wat andersins miskien die geval sou gewees het. Aangesien dit geneig het om die inflasionistiese tendens in die volkshuishouding aan te help, het die Reserwebank dit wenslik geag om stappe te neem om die koers van toename van geld en kwasi-geld aan bande te lê en die koste van krediet te verhoog.

Hierdie anti-inflasionistiese maatreëls het die beoefening van verdere morele oorreding ten opsigte van die handelsbanke, 'n meer beperkende houding teenoor herdiskontering deur die Bank, die onttrekking van fondse van die Tesourie aan die geldmark, en ten slotte die verhoging van die bankkoers van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent op 8 Desember, ingesluit.¹⁾

1) Die verklaring van die President van die Reserwebank insake die bankkoersverhoging verskyn weer op bladsy xiv van hierdie uitgawe.

Indekse — Seisoensveranderings uitgesluit (1958 = 100)

	1963				1964			
	1ste Kw.	2de Kw.	3de Kw.	4de Kw.	1ste Kw.	2de Kw.	3de Kw.	Okt.
Bankdebiteringe	166	169	187	201	204	212	206	215
Diskonteringe en voorskotte van handelsbanke	117	123	132	135	139	152	166	179
Effektebeursomset	253	257	295	255	408	396	281	204
Nywerheidsproduksie (1956/57 = 100)	137	144	151	154	157	169	—	—
Waarde van goudproduksie	166	168	170	172	174	176	183	188
Waarde van invoer	107	112	115	125	128	133	148	132
Waarde van uitvoer	122	122	129	132	135	131	123	136
Spoorweginkomste	132	137	139	141	150	149	146	154
Waarde van kleinhandelsverkope	111	113	116	119	120	126	132	133
Waarde van eiendomtransaksies	123	140	164	175	184	213	240	233
Waarde van bouplanne goedgekeur	108	124	147	160	182	183	215	—
Werkgeleenheid:								
Private fabriekswese	104	106	109	111	114	118	121	—
Private konstruksie	—	—	—	—	133	134	139	—
Mynwese	110	108	108	108	110	112	112	111
Werkloosheid	117	111	100	94	98	81	72	68

Verhoging van die Bankkoers

*Verklaring uitgereik deur dr. G. Rissik, President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank
7 Desember 1964*

Ná die gebruiklike raadpleging met die Tesourie, het die Reserwebank besluit om die bankkoers te verhoog vanaf 4 na $4\frac{1}{2}$ persent met ingang 8 Desember 1964. Hierdie toename is bedoel om as aanduiding te dien van die amptelike mening dat, hoewel die betalingsbalanspositie van die land steeds gesond is en die goud- en buitelandse valutareserwes op 'n hoëvlak beweeg, die ekonomie geleidelik die vroeë stadium van vraaginflasie binne gaan, d.w.s. die totale monetêre vraag na goedere en dienste styg ietwat vinnig in verhouding tot die beskikbare aanbod en oefen dus opwaartse druk op die pryspeil uit. Terselfdertyd is hierdie maatreël bedoel om die land se verweer teen potensiële inflasionistiese druk te versterk.

Dit wil voorkom asof die huidige matige inflasionistiese neiging bevorder word deur die bestaan van 'n betreklik groot hoeveelheid geld en kwasi-geld in verhouding tot die bruto volksproduk, wat weer in 'n groot mate toe te skryf is aan 'n aansienlike toename in krediet wat aan die private sektor deur verskeie tipes van bankinstellings gedurende die loop van 1964 verleen is en wat 'n aansienlike bedrag aan persoonlike lenings en ander vorme van verbruikerskrediet ingesluit het. Die diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke het, byvoorbeeld, met 32 persent en die aksepbanke se aksepte met 33 persent gedurende die eerste tien maande van die jaar toegeneem.

In hierdie omstandighede ag die Bank dit in die belang van ekonomiese stabiliteit wenslik dat die koers van toename in geld en krediet gerem word en dat die koste van krediet styg. Om hierdie rede het hy die verdere toename in die skatkiswissel- en verwante rentekoerse wat gedurende onlangse maande plaasgevind het as gevolg van veranderings in die onderliggende vraag- en aanbodtoestande in die geldmark, verwelkom, sowel as die feit dat die onlangse skerp afname in die likwiditeitsverhoudings van die banke geneig het om 'n natuurlike beperking op hulle vermoë om meer geld te skep, te plaas. Die toename in die bankkoers verteenwoordig amptelike erkenning en goedkeuring van hierdie geleidelike vernouing in die geld- en banktoestand en is daarop gemik om die werking van die bogenoemde en ander selfregulerende stabilisierende faktore te versterk.

Om soortgelyke redes het die Bank ook besluit om sy stel rentekoerse vir staatseffekte met 'n looptyd van meer as drie jaar met een-kwart persent te verhoog met ingang 8 Desember. Die Bank is egter ook van mening dat die huidige koerse vir die effekte van munisipaliteite en openbare nutsbedrywe 'n billike weergawe van die onderliggende aanbod- en aanvraagtoestande in die mark vir sulke effekte is en dat hulle nie op hierdie tydstip opwaarts aangepas moet word nie.

QUARTERLY ECONOMIC REVIEW

SUMMARY AND CONCLUSIONS

- (1) The South African economy at present enjoys great prosperity and would still appear to be in an expansion phase of the business cycle. Although the current economic upswing has now lasted well over three years, which is longer than the average duration of past cyclical upswings, present indications suggest that it has by no means yet run its course and is still endowed with considerable vigour.
- (2) In both the private and public sectors the rate of increase of fixed capital outlays on plant, equipment and construction tended to be even higher during the third quarter of 1964 than during the second quarter. The marked expansionary effect of these increases was further reinforced by another substantial rise in private consumption. On the other hand, merchandise exports declined noticeably, while inventory investment and current Government expenditure also decreased somewhat. Gold production again increased moderately.
- (3) With merchandise exports declining and imports rising strongly as a result mainly of the further expansion of both capital and consumer outlays, the current account of the balance of payments showed a substantial deficit during the third quarter. This, however, coincided with a considerable net inflow of private foreign capital, so that the total gold and foreign exchange reserves of the country declined only moderately.
- (4) Partly as a result of a further rise in commercial and other bank credit, the liquidity of the private sector, as measured by the seasonally adjusted ratio of money and near-money to gross national product,


remained at a high level during the third quarter of 1964. The further increase in bank credit, however, helped to reduce the liquidity ratios of most banking institutions to a relatively low level. This, in turn, not only limited their ability to create more money, but also brought upward pressure to bear on short-term interest rates.

- (5) In the securities markets various factors combined during the period August to November to reverse the downward tendency in stock exchange turnover and share prices which had followed the attainment of peak levels in the second quarter. These included a decline in new issues, a reduction in allocations under the "arbitrage scheme" of exchange control relaxation and the continued prosperity of the economy in general. Some upward pressure was, however, exerted on gilt-edged rates towards the end of this period and early in December the Reserve Bank increased its pattern of interest rates for Government stock by $\frac{1}{4}$ per cent.
- (6) While the balance of payments position of the country remains sound and the gold and foreign exchange reserves are at a relatively high level, the economy has recently tended to move into the early stages of general demand inflation. For this reason, the Reserve Bank has not only welcomed the natural tightening of the banking situation and the tendency for interest rates to rise but has also applied certain measures with a view to strengthening the country's defences against inflationary pressures. These steps included the exercise of further moral suasion over banking institutions, a more restrictive attitude towards rediscounting by the Bank, the withdrawal of Treasury funds from the money market and an increase in Bank Rate from 4 to $4\frac{1}{2}$ per cent on the 8th December, 1964.

NATIONAL ACCOUNTS¹

Further Rise in Gross National Product


During the third quarter of 1964 the *real* gross national product increased at more or less the same annual rate as during the first and second quarters, namely 6 to 7 per cent. In monetary terms, i.e. at current prices, the rate of increase tended to accelerate somewhat, but this was attributable to a more rapid rise in the price level.



Pronounced Further Increase in Fixed Capital Outlays

The main reason for the further increase in gross national product was a continuation of the upsurge in capital outlays on plant, equipment and construction. Indeed, in both the private and public sectors the rate of increase of fixed investment tended to be even higher during the third quarter of 1964 than during the second quarter. The most important contributions to the accelerated increase in private fixed investment were made by manufacturing, commerce and residential building, while in the public sector a noticeable decline in the fixed capital outlays of public *corporations* was more than offset by a particularly sharp increase in fixed investment by public *authorities*.

1) The analysis in this section of the review is largely based on the Reserve Bank's quarterly estimates of the national accounts, *after adjustment for seasonal tendencies*. Since these quarterly figures are not yet judged reliable enough for publication, the analysis is confined to pointing out broad tendencies.



Inventory Investment

Although inventory investment, i.e. the net addition to stocks, declined noticeably during the third quarter, it was still fairly substantial, mainly as a result of a further accumulation of commercial and manufacturing inventories.

Private Consumption and Current Government Expenditure

Consumer spending continued to rise strongly during the third quarter. While this was, no doubt, partly the result of the additional income generated by the increased fixed investment, it would also appear to have been facilitated by a further increase in consumer credit.

Although fluctuating sharply from month to month, the seasonally adjusted retail sales index continued to show a steady upward tendency during the third quarter, while the seasonally adjusted index of sales of new motor vehicles increased at a relatively fast rate during July and August, but then declined somewhat during September and October.

Current expenditure by the Government and other public authorities declined slightly during the third quarter.

Decline in Merchandise Exports but Increase in Gold Output

Merchandise exports declined noticeably during the third quarter, particularly exports of manufactured articles. One important reason for this would appear to have been the substantial further increase in internal demand, which tended to divert goods from the export to the home market. The gold output, however, continued to rise.

Decline in Total Saving

Gross domestic saving would appear to have declined during the third quarter. This was mainly attributable to a renewed decrease in personal saving which, in turn, was largely the counterpart of the substantial further rise in private consumption.

PRODUCTION AND EMPLOYMENT

Slight Slowing Down in Rate of Increase of Manufacturing Output

Although, as indicated above, the total monetary demand for goods and services increased during the third quarter of 1964 at a somewhat higher rate than during the first half of the year, the seasonally adjusted index of the physical volume of manufacturing output did not show a similar acceleration but, if anything, tended to increase at a somewhat slower tempo during the period May to August than during the four preceding months. This suggested that, with the economy up against the full employment ceiling, the rate of growth of output was gradually declining to a more normal figure.

Nevertheless, during the first eight months of 1964 as a whole, the index was no less than 16.5 per cent higher than during the corresponding period of 1963. The branches of secondary industry responsible for the largest contributions to this increase were those producing metal products, chemicals and chemical products, products of petroleum and coal, non-metallic mineral products, basic metals and electrical machinery.

Increase in Manufacturing Employment

A major feature of the current economic upswing has been the substantial increase in the amount of workers employed in secondary industry. Thus, whereas manufacturing employment moved upwards by a yearly average of only 1.6 per cent during the three years 1960 to 1962, it increased by as much as 7.5 per cent during 1963 and a further 6.0 per cent during the period January to August, 1964.

Over-full Employment in Construction Industry

Although the value of building plans passed showed a tendency to level off during the course of the second and third quarters of 1964, it remained at an exceptionally high level and the construction industry continued to operate under considerable pressure. In view of the shortage of artisans, employment in this sector of the economy increased at a considerably slower rate during the course of the first seven months of 1964 than during the corresponding period of the previous year. In the circumstances, the average earnings of artisans remained substantially in excess of the minimum wage rates.

Further Decline in Registered Unemployed

Further evidence of the strain in the labour market was provided by the continued decline in the number of registered unemployed Whites, Coloureds and Asiatics, which in September reached the very low figure of 11,954, the lowest recorded in the past 81 months.


Further Rise in Real Estate Transactions

The high level of activity in the construction industry was accompanied by a further upward tendency in the index of the value of real estate transactions, which although fluctuating sharply from month to month, has not yet given any clear indication of either a turning point or a levelling off.

PRICES

Early Stages of General Demand Inflation

After more than three years of rapid expansion coupled with a remarkable degree of price stability, the economy has during recent months shown signs of moving into the early stages of general demand inflation. Until about the middle of 1964, the large increases in capital outlays, private consumption and Government expenditure were, in general, well met by increases in production and imports. At the same time there was some diversion of locally produced goods from the export to the domestic market. The result was that, although important "bottlenecks" developed in the economy and brought about certain price increases, there was no significant diffusion of inflationary tendencies and no general demand inflation in the sense of "too much money chasing too few goods". But the sharp further increase in both capital and consumer outlays during the third quarter of 1964, coming as it did at a time when the economy had for at least six months already



